

SU Language Centre
IZiko leeLwimi lase-SU
US Taalsentrum
STELLENBOSCH UNIVERSITY

# Kry Engels onder die knie

## ’n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

**Wens jy jy kon beter Engels praat?** Ons kan jou die fynere kunsies leer wat nodig is om Engels met selfvertroue te praat en skryf.

## Waarop fokus hierdie kursus?

Hierdie praktiese en interaktiewe aanlyn kursus fokus op die fynere  vaardighede wat vir doeltreffende kommunikasie in geskrewe en veral gesproke Engels nodig is. As jy selfbewus is wanneer jy voor ander moet Engels praat, dan is hierdie kursus vir jou!

In hierdie kursus, sal jy:

- tegnieke leer wat jou sal help om jou boodskap akkuraat en selfversekerd oor te dra – nie net by die werk nie, maar ook in ŉ breër sosiale konteks
- die fynere vaardighede vir doeltreffende kommunikasie in Engels leer
- belangrike Engelse taalbeginsels hersien en jou woordeskat uitbrei

## Wie kan die kursus bywoon? Watter loopbaanvoordele hou dit in?

Hierdie intreevlakkursus is vir jou bedoel as Engels jou tweede of derde taal is. As jy voel dat jy in jou werksplek en sosiale omgewing met meer selfvertoue in Engels wil kommunikeer, dan gaan jy baie baat vind by hierdie praktiese kursus. Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die regstreekse aanlyn sessies word deur ŉ aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

**Stel jy belang? Klik op hierdie skakel** en voltooi die aanlyn vorm.
Ons sal vir jou verdere instruksies stuur nadat ons jou vorm ontvang het.

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab

languagecentre.sun.ac.za/commslab/   michellep@sun.ac.za   +27 (0)21 808 2812

## Wat is die voorvereistes?

Jy sal ŉ rekenaar en betroubare internetblaaier benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal ŉ betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

## Waar en wanneer vind hierdie kursus plaas?

Ons kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, en aanlyn leer wat jy op eie stoom doen. Hierdie kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

| | Regstreekse aanlyn sessies (10:00 tot 12:00) | Opening- en sluitingsdatums | Inskryfwings sluit |
|---|---|---|---|
| **Aanbieding 1** | 23, 30 September, 7, 14, 21 Oktober | 16 September - 4 November | 2 September |

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- twee ure per week op ŉ regstreekse aanlyn sessie
- ± agt ure per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

## Wie is die aanbieder?

**Cornelia Grobler** is geesdriftig oor taal en taalonderrig en het ervaring in akademiese sowel as besigheidsomgewings. Sy is ŉ uitsonderlike aanbieder met ŉ kalm en metodiese benadering tot leer. Sy is kundig oor aanlyn leer en onderrig.ory



## Die kursusfooi is R5 650 per deelnemer.

- Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees.
- Die fooi sluit kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms in.
- Ons sal hierdie kursus net aanbied wanneer ŉ minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.
- Kortkursusdeelnemers ontvang nie toegang tot Universiteitfasiliteite soos rekenaar-laboratoriums of die biblioteek nie.

**Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab**

languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812